

HERSIENING VAN SEKTORALE VASSTELLING 13: PLAASWERKERS

As deel van die hersieningsproses van die Sektorale Vasstelling 13 vir Plaaswerkers (SD13) hou die Departement van Arbeid (DvA) tans landwyd openbare verhore om belanghebbendes se insette te verkry. Die KAW het op Vrydag 14 Augustus te De Doorns die volgende voorlegging gedoen:

1 RAKENDE DIENSVOORWAARDES

Daar is ses areas wat ons uitlig teneinde regssekerheid te verkry na aanleiding van jarelange konsultasie en onderhandeling met die DvA:

1.1 Bestek van die Vasstelling:

Klousule 1(2): Die SD13 geld vir primêre sowel as sekondêre landbou. Dit beteken effektief dat werkers van *pakstore* en *kelders* op plase ook gesien word as plaaswerkers vir die doeleindes van die SD13. Die DvA se vertolking van hierdie klousule is egter dat dit net die geval is waar die pakstoor of kelder sy eie produkte prosessee, maw. indien hy 'van buite' produkte inneem geld die SD13 nie, maar wel die Wet op Basiese Diensvoorwaardes (WBD). Dié vertolking het die effek dat basies dieselfde werksmag onderworpe is aan twee stappe reëls en voorwaardes wat tot onsekerheid en onnodige grys areas lei, bv. werksure, oortydbepalings, en selfs minimum loon.

Ons voorstel is dat 'n tweeledige toets moet bepaal of SD13 geld of nie: i) of die produkte 'hoofsaaklik' die plaas se eie produkte is, en ii) of die verpakking/pars 'n integrale deel is van die plaas se besigheid, teenoor of dit onafhanklik van die plaasbesigheid bestaan.

1.2 Verbod op aftrekkings vir die voorsiening van "werksklere":

Klousule 7(1)(c): Hoewel daar duidelikheid is oor "veiligheidsklere" wat voorsien moet word (Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid - WBG&V) en nie van lone verhaal mag word nie, is daar geen sekerheid oor die woorde "werksklere" in SD13 wat volgens SD13 nie voor afgetrek mag word nie. Hier verwys ons na werksklere soos oorpakke/-rokke, ens wat, anders as veiligheidsklere, nie bedoel is om die werker te beskerm nie maar eerder sy klere. Die DvA se vertolking is dat hoewel die verskaffing van sulke werksklere nie verpligtend is nie, die werkgewer nie aftrekkings hiervoor mag maak indien hy dit wel verskaf nie.

Ons voorstel is dat die begrip "werksklere" in SD13 omskryf word om items van klerasie en skoelise soos oorpakke/-rokke en waterskoene wat buite die bestek van 'bekermdende klere' soos bedoel in WBG&V val, deur die werkgewer verskaf mag word en die koste per ooreenkoms met die werker verhaal mag word. Dié bepaling sal nie items van klere waarop die werkgewer se kentekens aangebring is raak nie.

1.3 Aftrekkings van lone ing. skuldbeslagleggingsbevele – "garnishee orders":

Klousule 8(1)(e): Werkgewers is verplig om sulke bevele uit te voer. Ons wys op die uiters slegte situasie waarin hierdie stelsel ontaard het en dat die Regering nou daadwerklik moet optree. Dit sluit die gewetenlose manier waarop skuld toegestaan word asook die die informele geldskieters

("loan sharks") in. Ons maak die stelling dat om lone te verhoog sonder om aandag aan hierdie ernstige situasie te skenk geen bydrae tot die verligting van armoede sal maak nie.

Ons voorstel is dat:

- die Regering beduidende fondse belê in effektiewe opleidingsprogramme gemik op 'lewensvaardighede';
- die SAPD op top vlak verantwoordelikheid aanvaar vir effektiewe stappe teen oortredende geldskieters, formeel en informeel;
- die Dept van Justisie dringend die bepalings van die Wet op Magistraatshoue ing. waarvan skuldbeslagleggingsbevele toegestaan word hersien.

1.4 Aftrekkings vir kommunale behuising (enkel kwartiere):

Klousule 8(6): Die bedrag wat 'n werkgewer mag aftrek tov. enkel kwartiere, ongeag die hoeveelheid werkers wat in dié kwartiere gehuisves word, is 25% van die heersende minimum loon in totaal (tans R2607 pm X 25% = R651,75 pm) – Dus, indien 10 werkers = R65,18 van elk; indien 100 werkers = R6,52 van elk. Nie alleen is dit skreiend onregverdig nie, maar dit kan beslis nie die wetgewer se bedoeling gewees het nie. Werkgewers gaan reuse besteding aan om hierdie huisvesting staan te maak en in stand te hou, maar daar is geen teenprestasie nie.

Ons voorstel is dat die formule vir hierdie aftrekking gewysig word deur die toevoeging van 'n voorbehoudsbepaling dat die aftrekking nie minder as 1% van die heersende minimum loon sal wees nie – in praktyk dus R65-18 per werker.

1.5 Betaling vir werk op 'n Sondag verrig

Klousule 16(1): Hierdie klousule se bepalings is essentieël dieselfde wat betekenis betref as dié van die ooreenstemmende artikel in die WBD. Die bewoording is egter sonder duidelike rede baie meer omslagtig.

Ons voorstel is dat die klousule gewysig word om dieselfde te lees as die ooreenstemmende artikel in die WBD.

1.6 Mediese sertifikate vir siekteverlof:

Klousule 22(7): Hoewel die bepalings weereens essentieël dieselfde is as dié van die ooreenstemmende artikel in die WBD, is daar 'n belangrike verskil, deurdat daar nie meer van die die gelyste persone wat 'n mediese sertifikaat mag uitreik ("medical practitioner", "clinic nurse practitioner", "traditional healer", "community health worker" of "psychologist") verlang word om geregistreer te wees by 'n professionele raad ingestel ingevolge 'n Wet van die Parlement nie. Daar is geen opsigtelike rede hiervoor nie. Hierdie is 'n area waar werkgewers groot probleme het om misbruik te bekamp.

Ons voorstel is dat die klousule gewysig word om dieselfde te lees as die ooreenstemmende artikel in die WBD.

2. RAKENDE MINIMUM LOON

2.1 Faktore wat die Diensvoorwaardeskommissie (DVK) in ag moet neem

Ingevolge art 54(3) van die WBD moet die DVK sekere botsende faktore in ag neem wanneer hy die Minister adviseer oor die vasstelling van enige SD. Só moet hy, oa., "lewensduurte" en "armoede verligting" opweeg teen die "impak wat die vasstelling op werkskepping kan hê" en

“werkgewers se vermoë om hulle besighede suksesvol te bedryf.” Ons het as volg op dié vier faktore betoog:

“Lewensduurte” – ons voorstel is dat die bestaande formule in SD13 (VPI plus 1½%) gevolg word;

“Armoede verligting” – ons erken dat armoede ‘n groot probleem is en dat plaaswerkers oor die algemeen van die laagsbesoldigde werkers is. Ons wys daarop dat daar twee groepe plaaswerkers is; nl. dié wat *permanente* aanstellings het, en dié wat *nie permanente* aanstellings het nie. Sommige permanente plaaswerkers mag arm wees, maar kwalik brandarm. Waar die grootste armoede probleem inkom is onder nie-permanente werkers, nie soseer weens hulle lae besoldiging nie, maar eerder hulle nie-standhoudende werk. Om hulle dmv. ‘n wetlike minimum loon uit hulle armoede te probeer lig gaan nie moontlik wees nie;

“Impak wat die vasstelling op werkskepping kan hê” – Baie is die afgelope weke gesê oor dalende indiensname en dreigende afleggings in die vervaardigings-, myn- en ander sleutel sektore. Terwyl regeringswoordvoerders hierdie berigte as sensationeel afmaak, het Staatspresident Zuma self die afgelope naweek ‘n “passievolle pleidooi” tot mynbase gerig om afleggings te voorkom. As deel van ons betoog wys ons op die skerp styging in die hoeveelheid kennisgewings oor afleggings wat in Junie 2015 aan die KVBA gerig is. Ons wys ook op die resultaat van ons blitsopname vroeër vanjaar ons lede wat toon hoe ten spyte van ‘n 25% styging in arbeidsmag die afgelope twee seisoene ná die 52% loonverhoging in Maart 2013 die permanente arbeidsmag amper dieselfde gebly het terwyl die nie-permanente arbeidsmag met 65% gestyg het!

“Werkgewers se vermoë om hulle besighede suksesvol te bedryf.” – Ons haal syfers aan van die Departement van Landbou (DAFF) wat toon dat bykans 77% van plase in SA ‘n Bruto Plaas Inkomste (BPI) het van minder as 1¼ miljoen Rand per jaar, terwyl meer as 88% van plase ‘n BPI het van minder as 2.5 miljoen Rand per jaar. Ons wys ook daarop dat die argument dat produsente wat weens omstadighede nie die minimum loon kan bekostig nie aansoek kan doen vir vrystelling deur die Minister nie water hou nie, aangesien enige sodanige vrystelling net vir ‘n jaar geldig is en die produsent as deel van sy aansoek moet kan toon hoe hy die minimum gaan bereik binne 12 maande. Indien daar ‘n onrealistiese verhoging in minimum lone is sal baie produsente onses insiens hulle besighede suksesvol kan bly bedryf slegs deur die vervanging van meer permanente poste met nie-permanent poste.

Ons voorstel is dat die minimum loon verhoog word soos in die bestaande formule, dws. VPI plus 1½ %

Ons hou lede ingelig oor verwikkelinge.